Notule

Algemene Jaar Vergadering

SA Sport en Jag Federasie

gehou te Bloemfontein Skiet Sentrum 11 Augustus 2017 om 16:40

1. **Opening**

   Cobus Joubert open met skriflesing en gebed.

2. **Verwelkoming**

   Dennie Taljaardt verwelkom almal vir hulle teenwoordig en bedank Vrystaat vir al hul harde werk.

3. **Mosies**

   Lief :
   Leed : Itha van Wild en Jag het haar man en twee seuns afgestaan aan die dood in ‘n motor ongeluk en Daleen Taljaardt het ook haar suster aan die dood afgestaan.

4. **Teenwoordig:**

Jan Swart GP	Bert Prinsloo NP	M Wessels MPL	N Coetzee MPH	Luzaan Koch FS
Jannie Hesselink GP	Christo Pretorius NP	NB Human MPL	S Coetzee MPH	Tiaan Koch FS
Pierre Munnik GP	Cobus Joubert NP	S Potgieter MPL	Braan vd Vyver NW	Hermienredenhann FS
Riaan Cilliers GP	Wikus van Zyl NP	N Human MPL	Eugen Eulitz NW	Melani Breedt NW
Lianda Smith GP	Jakes Jacobs NP	G Roets MPL	Herman Niemand NW	Daleen Brits NW
Gerda de Jager GP	Hannes Willemse NP	Dennie Taljaardt MPL	Mariaan Niemand NW	
Rivan Cilliers GP	Rika van Zyl NP	Daleen Taljaard MPL	Fanie Naude NW	
Ivan Smith GP	Carine van Zyl NP	Madelein Taljaard MPL	Antoinette Naude NW	
Joha de Jager GP	Apie Breet NP	Corne Taljaard MPL	Paul Finch NW	
Juan Munnik GP	Carel de Villiers NP	L Human MPL	Elsabe Finch NW	
Tokkie Kruger NP	A Roets MPL	F Potgieter MPH	Elke de Witt FS	
Org van Zyl NP	Pieter Wessels MPL	C Potgieter MPH	AJ Kruger FS	

Verskonings:

Corné Willemse NP
Willie Labuschagne KZN

5. **Vasstelling van Agenda**

- 8.5 Dagbestuur besluit – Disiplinêre verhoor van SASJF Lid.
- 10.1 Kooptering van lid vir pos geskep onder punt 13.3 (nie 13.1) van die Agenda
- 11.3.1, 11.3.2, 13.2 en 13.8 word saamgevoeg en saam onder 11.3.1 bespreek.
- 13.5 word geskrap.

6. **Notule van vorige Vergadering**

6.1 Goedgekeur by Bestuursvergadering

6.2 Fanie, Charmain Potgieter en Paul Finch was teenwoordig tydens die Spesiale Algemene Jaarvergadering van 28 Januarie 2017 en was nie so genotuleer nie en moet reggemaak word op Notule.

Word aanvaar en goedgekeur deur Fanie Potgieter en Jannie Hesselink.

7. **Sake Voortspruitend**

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
7.1	**BESLUIT REGISTER**	Tydens die Spesiale Algemene Jaarvergardering was daar 'n pos geskep waarby nie genoegsame kennis gegee is nie. Die pos is ongrondwetlik en is nagelaat om die reëlboek op datum te hou. Die Besluite Register is ook agterweë gelaat en sal Elke help om dit op datum te bring.	**Besluit Register sal op datum gebring word.**		Elke de Witt	
8	**Terugvoer nasionale bestuursvergadering & Dagbestuurbesluite**	Dis besluite wat gemagtig is deur dagbestuur en wat nie nodig is om die Nationale bestuur te betrek nie.				
8.1	**KZN oplaai van agterstallige data**	KZN het op 'n stadium 'n probleem gehad met hulle bestuur en die oplaai van hulle punte op die web en is dit goedgekeur deur dagbestuur om die agterstallige data vir hulle te laai. Ivan bevestig dat dit nog nie afgehandel is nie.	Ivan moet dit so spoedig moontlik laai.		Ivan Smith	
8.2	**Jagte nie betyds gelaai nie**	Daar was 'n probleem met jagte wat laat gelaai is laasjaar en is kondenasie van die President toegestaan. Daar het wel hierdie jaar weer sulke gevalle ontstaan weens boere wat die jagte				

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		gekanseleer het. Rekords van sulke gevalle is by Melani en kan navraag aan haar gerig word. Die jagte is toestemming gegee om later gelaai te word as in die voorgeskrewe reël in die reëlboek .				
8.3	**15 Jaar Logo op Vrystaat klere**	Vrystaat het versoek om hulle 15 jaar logo vir hulle feesjaar op hulle klere aantebring, dis voorgelê en dagbestuur het dit so goedgekeur.				
8.4	**Ivan – Web voorlegging**	Die web skep baie kontrofersie in die Federasie op die oomblik. Daars 'n groot probleem met die web. Dagbestuur het diet goedgekeur dat Ivan kwotasie kry om die web te vervang met nuwe web en nuwe tegnologie. Die huidige stelsel werk op 'n sql databasis wat "out dated" is en moeilik om in stand te hou. Dit sal in die belang van SASJF wees om eerder oor te gaan na 'n Oracle databasis. Om Oracle in werking te stel moet die hele web herskryf word. 'n Addisionele host vir die Oracle databasis sal R314 beloop om die sagteware te koop. Steve stel voor om die web in fases te herskryf. Eerste fase is dan om die SQL databasis oor te skryf na die oracle databasis. Die tweede fase sal dan die sekuriteit van die stelsel in plek te kry. Fase dries al dan die sms en epos stelsel wee swat tans 'n groot probleem is in die huidige web. Die tydperk wat na gekyk word vir voltooiing en implimentering is ± 3 maande. Dit sal gemonitor word soos die werk voltooi word.	**Belsuit – Eenmalig besluit die web word herskryf.** **Stemming : Ja 5 en Nee 1** **Drie kwotasies moet verkry word en die mandaad moet aan Nasionale Bestuur gegee word om die beste opsie te kies.**			

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		Koste gewys kyk ons na 50% deposito voor werk begin. Fase een se kostes beloop R17,450 en Fase twee 25% na afloop van fase twee, gekorekteer en na gegaan deur SASJF en aanvoor. Totale koste van fase twee R8,725. Fase drie oorblywende 25% van totale koste, na afloop van voltooiing van fase drie en SASJF aanvaar en keur die finale produk goed. Totale koste van fase 3 R8725. Totale koste om web te herskryf is R345,900. Onderhoudskostes sal n beraamde R12,000 per jaar beloop. Daar sal 'n tweede persoon wee swat Steve gaan bystaan met die ontwikkeling van die web en sal ten alle tye op hoogte wees. Die sms stelsel sal werk soos tans want dit word deur 'n uite party behartig en beloop die kostes per sms wat gestuur word. Die vraag word gevra hoekom R34,900 betaal, maar al die funksie word nie op een slag deur die maatskappy gedoen nie? Ivan verduidelik dat dit deur die SLA kostes gedek gaan word wat 'n addisionele koste van R1,314 per maand sal wees. Wat is die seuriteit rondom die stelsel dat ongevraagde persone op die web kan krap? Die huidige stelsel het geen seuriteit nie. Die Oracle databasis maak voorsiening vir al die nodige sekuriteit. Hoe gaan die kontiniteit rondom die web wees met onderwoorde hoe goeganklik gaan dit vir 'n ander persoon wees om dadelik oor te vat en te weet en verstaan hoe die web werk?				

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		Daar sal gekyk word om op ‘n stadium ‘n handleiding te skryf. Watse effek gaan die nuwe stelsel hê op die huidige een met betrekking tot die laai van data en die oordra na die nuwe stelsel? Nee daar behoort nie enige probleme te wees of onderbrekings op die huidige stelsel nie. Die nuwe stelsel sal deurlopend na afloop van ‘n afdeling getoets word. Gaan die katerorieë geskei wees op die nuwe stelsel bv. al die O/13, O/19 ens bymekaar? Ja dit sal per afdeling en groep geskei wees. Is daar kostes vir die repurasie van die huidige web en kan hy herstel word? Die probleem met die huidige stelsel is die sekuriteit en kan dit nie ingeskryf owrd nie. Die tegnologie is te oud. Versoek is dat daar drie kwotasies verkry moet word voor die web herskryf word.				
8.5	**Dissiplinêre verhoor van lid**	Die saak sal afghandel wees teen die 26ste Augustus 2017.				
9	**VOORGESTELDE GRONDWET EN REELBOEK WYSIGINGS**					
9.1		1. Artikel 5.5 moet die word “lede” vervang word met die word “lede-provinsies”; en 2. Artikel 8.1 verwysing verkeerdelik na “tweejaarliks” en moet vervang word met “vierjaarliks”; en 3. ‘n Nuwe artikel 8.13 moet ingevoeg word wat as volg lees: 8:13 ‘n Nuwe bestuurslid dien in sy nuwe pos wanneer die uitslag van die verskiesing en die naam van die nuut-verkose of her-verkose bestuurslid aan die lede en/of die lede-provinsies				

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		bekend gemaak word. 4. In artikel 14.10 moet die word "Uitvoerende" weggelaat word; 5. In artikel 15.5.1 moet die word "lid" vervang word met die word "lid-provinsie"				
9.2	**AFFILIASIELIDMAATSKAP**	Daar is op die vorrige bestuurs vergadering besltuit dat 'n indvidue nie meer as 'n affliasielid kan aansluit by die federasie nie. Die affiliasielid opsie op die web moet onmiddelik geskrap word. Organisasies gaan nie kan affilieer by Sportjag nie.	**'n Stemming word gehou om affliasie gelde uit die gorndwet te haal.** **Stemming is aanvaar: Ja 6 en Nee 0**			
9.3	**Stemreg voorstelle**	Noorwes het 'n voorstel ingedien oor die stem prosedures en die voorstel is afgekeer by die vorrige bestuurs vergardering.				
9.4	**Lugpistool – Ope & Standaardklas**	In die reëlboek word daar onderskeid getref tussen PPP en ISF. Die onderskeid tussen die twee is dat PPP word gebruik met hulp middels en ISF is vir Seniors. Op die vorige beststuurs vergardering is die voorstel gemaak dat PPP uitgehaal word en vervang word met standaar en ISF verander na opeklas.	**Voorstel dat die Reels bly in reelboek soos dit is, net die opskrifte verander na Standaard en Opeklas** **Provinsies moet dit bespreek met hul lede en terugvoer gee by volgende bestuursvergadering.**			
9.5	**Ouderdomskategorie – Korrekte benaming O/13 & O/19 Penkop**	Stemming word gehou om die huidige kategorie benaming te verander van Junior ouer as 13 en jonger as 19 na O/19 en O/14.	**Besluit is geneem om grondwet te verander. Die deffiniese verander nie net die katogorie benaming.** **Stemming : Ja 6 en Nee 0**			
10	**VERKIESING VAN VAKANTE POSTE OP NATIONALE BESTUUR**					
10.1	**Kooptering van lid vir pos geskep onder punt 13.3 van die Agenda**	Bestuur sal 'n lid kopteer in die pos tydelik tot verkiesing volgende jaar by die algemene jaar vergadering.				
11	**VERSLAE : NASIONALE BESTUUR**					

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
11.1	**President**	Cobus Joubert lees sy verslag voor aan die lede. Ons staan weereen svinnig einde se kant toe in die Sportjagkalender vir die jaar 2017! Ondervinding het ons geleer dat wanneer die Nasionalebaansportkampioenskappe en die AJV verby is, is dit afdraande pad na die jaareinde toe! Soos elke anderjaar het 2017 sy eie unieke uitdagings gehad, maar ek dink ons kan met vertroue sê dat dit weereens in sy geheel ń suksesvolle jaar was vir die Federasie. Ek gaan hierdiejaar my verslagkort en bondig hou onder 3 hoofpunte, naamlik : - Nuwe verwikkelinge - Knelpunte en - Hoogtepunte NUWE VERWIKKELINGE 1. Die Nasionalebestuur het gedurende die jaar besluit om ń tweede administratiewe beampte aan te stel aangesien die Federasie oor die afgelope paar jaar goed gegroei het en die werk net te veel geword het vir een persoon om te hanteer. Alhoewel dit groter uitdagings stel om ons begroting te laat klop, is ek oortuig daarvan dat dit ń stap in die regte rigting is om ń goeie diens aan ons lede te lewer.				

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		2. Gedurende die afgelope jaar het die Nasionalebestuur goeie verhoudinge met die redaksie en bestuur van die Wild en Jag tydskrif opgebou. Wild en Jag het reeds gedurende hierdie jaar die Nasionale junior kampioenskappe en die Nasionale geweerjag kampioenskappe bygewoon en artikels daaroor het in hul Julie en Augustus uitgawes verskyn. Daar het ook insetsels op hul Wild en wragtig televisie program verskyn. Die blootstelling wat die Federasie d.m.v. hierdie artikels en programme geniet, is van onskatbare waarde en ons hoop dat ons ń lang en vrugtevolle pad met Wild en Jag kan stap in die toekoms. KNELPUNTE 1. Die webtuiste is ń aspek van Sportjag wat tans baie debat binne die Nasionalebestuur as ook onder lede laat ontstaan. Alhoewel die huidige stelsel oor die afgelope jare onskatbarewaarde tot die Federasie toegevoeg het, is daar ‘n gevoel dat ons besig is om die huidige stelsel te ontgroei en dat ons nodig het om nanuwe tegnologie en innovering te begin kyk, om aan ons behoeftes te voldoen.				

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		Dit is egter ook ń aansielike finansiële uitgawe om ń nuwe stelsel te ontwikkel en daarom sal die saak omsigtig benader moet word. 2. Die Kudubrokkiestydskrif is tans ook weer onderbespreking. Alhoewel daar baie goeie werk gedoen is die afgelope 2 jaar en die kwaliteit van die tydskrif merkwaardig verbeter het onderleiding van Elke de Wit, bly dit ń enorme taak om genoeg kwaliteit leesstof en ander material bymekaar te kry, om ń gehalte tydskrif vier maal of selfs drie maal per jaar aanmekaar te sit. Voeg daar by dat dit by na eie handig deur een persoon gedoen moet word met beperkte tyd en finansiëlehulpbronne, dan raak dit byna ń saak van onmoontlikheid. HOOGTEPUNTE 1. Die jaareindfunksie van 2016 wat terselftertyd ń viering was van die Federasie se 25ste bestaansjaar was ń glansgeleentheid wat deur almal wat dit bygewoon het lank onthou sal word. 2. Die eersteNasionale junior geweerjag kampioenskappe in die geskiedenis van SA Sport en Jag is hierdie jaar aangebied gedurende die naweek van 3 – 5 Mei naby Ventersdorp. Dit het				

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		saamgeval met die jaarlikse provinsiale vrouejag en is deur almal wat daar was terdëe geniet. Gauteng provinsie het die jag aangebied en hulle het uit hul pad gegaan om almal wat daar was te trakteer. Die naweek was ń reuse sukses! 4 Junior skuts het deelgeneem, 2 uit NW Provinsie en 2 uit MPL. Dit was vir hulle ń wonderlike ervaring en almal van hulle het uitstekend presteer. 3. Die Nasionalehaelgeweerkampioenskappe is weer hierdiejaar aangebied in Middelburg MPH en was soos altyd ń reuse sukses, onder die bekwame leiding van Paul Finch en Herman Niemand. Die gees onder die deelnemers was uitstekend en hulle het mekaar die stryd goed aangesê. 4. Die NasionaleGeweerjagkompetisie te Swartwater was weereens 'n eerste vir die Federasie, in die sin dat die Nasionale vroue kampioenskappe saam met die mans kampioenskappe aangebied is. 37 jagters in totaal het deelgeneem. Die kampioenskappe het vlot verloop danksy die goeie organisering van				

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		Riaan Hartslief, geweerjagorganiseerder, Denny Taljaardt en die beoordelaars Francios Pretorius, Marius Pretorius en Natasha Taljaardt. Ons is ook groot dank verskuldig aan die plaaseienaar Jaco du Preez en sy span wat uit hul pad gegaan het om dinge glad te laat verloop! Om 37 jagters gelukkig te hou met ń Nasionalebosjag is defnitief nie ń maklike taak nie! 5. Dis die eerste jaar in die geskiedenis van Sportjag dat die Nasionale Baansport kampioenskappe in Bloemfontein aangebied word. Dit beloof om ń uitstekende naweek te wees met 216 skuts wat ingeskryf het en wat aan 601 items gaan deelneem! Die Federasie het die afgelope 6 maande gegons met almal wat uitsien na ń nuwe ervaring. Ek ver moed die manne en dames van die Noordelike dele van die land gaan nuwe uitdagings moet trotseer met die veranderde omstandighede van die Vrystaat! Dit sal ook die eerstekeer wees dat ons gebruik maak van Sportjag se eie				

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		diereteikens – nog ń eerste vir die Federasie. Ek wens elke skut sterkte toe en mag die beste spanne wen! Ek wil afsluit deur weereens my dank uit te spreek teenoor elke lid, deelnemer,Provinsiale bestuurslid en Nasionalebestuurslid wat moeite gedoen het om 2017 ń suksesvolle jaar te maak vir die SA Sport en Jag Federasie. Spesiale dank aan die Nasionalebestuur wat soms onder moeilike omstandighede die Federasie in die regte rigting moes stuur. ń Laaste woord van dank aan elkeen wat teenwoordig is by die AJV. Dit is belangrik dat lede die AJV bywoon sodat hulle insette kan lewer oor belangrike sake waaroor besluit moet word, om die Federasie op die regte pad te hou. Geniet die res van die naweek en mag die res van 2017 vir elkeen gesëend en voorspoedig wees.				
11.2	**Voorsitter**	Voorsitter verslag word nie voorgelê nie.				
11.3.1	**Finansiele Verslag**	Hannes lê die finansiele verslae voor aan die lede en is die finansiele verslag van 2016 as volg: Tydperk 1 Jan 2016 tot 31 Des 2016 word ‘n positiewe bedrag van R 250,876.19 oorgedra na 1 Jan 2017.	**Verhoging van ledegeld moet aan lede voorgelê word by volgende Provinsiale Vergadering, en sal daar dan tydens ‘n Spesiale Algemene Jaar Vergadering in Oktober ‘n besluit geneem word.**			

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		Die finansiele bedrag van 2017 trek van die tydperk 1 Jan 2017 tot 31 Jul 2017 en staan die saldo huidiglik op R617,252.01 Die begroting van inkomstes vir 2018 tot en met Des sonder lede verhoging beloop R1,187,845.00. Die begroting van uitgawes tot en met einde Des 2018 belooop R1,395,100.00. Tekort op begroting vir die tydperk sonder verhoging –(R 207,255.00). Begroting van Inkomste tot en met Des 2018 met R60 hooflid verhoging is dan R1,273.045.00 Begroting uitgawes tot en met einde Des 2018 is R1,395,100.00 Tekort op begroing vir die tydperk – (R 122,055.00) Hoofredes, aanbevelings: 1. Aanstelling van die tweede admin persoon R5,000 p/m met 10% verhoging einde Jun 2018 2. Huur van die Kantoor : R 3,000 p/m met R1,500 inkomste weens onder verhuring – maand tot maand kontrak. 3. Aankoop van tweede addisionele laptop R14,000 4. Installering van WiFi by die Kantoor ongeveer R 700 p/m				

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		5. Ledegeld per hooflid is in 2015 met slegs R20 verhoog en ook met dieselfde b edrag aan die begin van 2016. Geen verhoging was aangekondig vir die 2017 tydperk nie. Met deeglike oorweging is bepaal dat die ledegeld per hooflid met 'n bedrag van R60 moet verhoog, met ook 'n vroeëre vooruitskatting dat dit met 'n moontlike verder R40 sal verhoog vir die tydperk 2019. Met die surplus in die KB rekeing weens geen uigawes ten opsigte van die tydskrif vir die periode 2017 tot op datum is die voorstel dat die fondse aangewend word om die moontlike tekort te bekamp. 13.2 Bedrae – Besluite Voorstel is gemaak dat magtigings bedrae as volg goedgekeur moet word: Hannes : R0 – R5,000 Hannes en Dennie : R5,000 – R10,000 Dagbestuur : R10,000 – R15,000 Nationale Bestuur : R15,000 – R100,000.00 Algemene Jaar Vergadering : R100,000 en meer. Sluit buitebegrotings besluite uit. 13.8 Terugvoer Wild & Jag Wild & Jag kan die volgende bied: Rakpryse vir 2018 sal R46/tydskrif beloop. Elke lid kan 4x 'n jaar 'n Wild & Jag tydskrif in die pos kry, 4@ R36.75 = R147.00 per lid per jaar. Elke lid kan 4x 'n jaar gratis die digitale tydskrif ook d.m.v 'n logincode lees (vir as die pos bietjie stadig is daai maand.)	**Voorstel dat Provinsies dit aan hulle lede voorlê en terugvoer gee sodat besluit op Spesiale Algemene Jaarvergader in Oktober geneem kan word.** **Provinsies moet die voorlegging aan hulle lede voorlê en terugvoer gee vir besluitneming op die Spesiale Algemene Jaarvergadering in Oktober.**			

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		In elk van die 4 uitgawes sal daar wees: • 1 dubbelblad toegeken wees aan SA Sportjag vir jul nuusbrief (teks en foto's verskaf deur SA Sportjag), Wild & Jag sal die bladsye redigeer en uitlê. • 1 drie blad artikel oor een van julle skietdae/aktiwiteite (Teks en foto's verskaf deur SA Sportjag), Wild & Jag sal die bladsye redigeer en uitlê. Elke lid kan 12x 'n jaar 'n Wild & Jag tydskrif in die pos kry, 12@ R36.75 = R441.00 per lid per jaar. Elke lid kan 12x 'n jaar gratis die digitale tydskrif ook d.m.v 'n logincode lees (vir as die pos bietjie stadig is daai maand). In elk van die 12 uitgawes sal daar wees: • 1 dubbelblad toegeken wees aan SA Sportjag vir jul nuusbrief (teks en foto's verskaf deur SA Sportjag), Wild & Jag sal die bladsye redigeer en uitlê. • 1 drie blad artikel oor een van julle skietdae/aktiwiteite (teks en foto's verskaf deur SA Sportjag), Wild & Jag sal die bladsye redigeer en uitlê.				
11.3.2	**Sekretariele Salarisverhoging 10%**	10% verhoging is begroot vir die sekretariele pos en is goedgekeur op die bestuurs vergadering en is alreeds in werking.	**Stemming : Ja 6 en Nee 0**			
12	**FINANSIES**	Bespreek by punte: 11.3.1, 11.3.2, 13.2 en 13.8				
13	**NUWE SAKE**					
13.1	**Admin Afdeling**	Daar is 'n voorstel gemaak deur Herman dat daar 'n admin afdeling geskep word en daardeer kan daar personeel aangestel word soos die admin toeneem. Die voorstel is van die hand gewys.	**Besluit: Die 2de admin pos word deur stemming van 6 Ja en 0 Nee as permanent geskep.**			

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		Die addisionele pos van 'n tweede admin dame is tydelik goedgekeur deur dagbestuur en is 'n addisionele dame tydelik aangestel vanaf 1 Mei 2017 tot 31 Augustus 2017 om Melani te help. Die admin is besig om vinnig toe te neem en is daar die behoefte om die addisionele admin pos permanent te skep.	**Tydens die volgende Bestuursvergaderig in Oktober sal die besluit geneem word of daar onderhoude gevoer gaan word en die salaris en of Daleen in die pos permanent aangestel gaan word.** **Daleen se kontrak word verleng tot 31 Desember 2017 tydelik.**			
13.2	**Bedrae – Besluite, Koedoebrokkies : Hannes Willemse**	Bespreek by punt: 11.3.1				
13.3	**Web & Reëlboek, Koordineerder**	Die pos is op die 28 Januarie 2017 tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering geskep maar voldoende prosedures en tyd is nie gegee om die pos te adverteer en nominansies te verkry nie. Dennie lees die posbeskrywing voor aan die lede vir goedkeuring om die pos te kan skep. • Ondersoek die huidige reëlboek en grondwet en regstellings waar nodig veral waar artikels en reëls mekaar weerspreek. Alle voorstelle en veranderings moet deurgegee word aan die Beskermheer van die reëls om die regsgeldigheid daarvan te bevestig en daarna aan die Nasionale Bestuur vir goedkeuring. • Gedurige byhou van die reëls wanneer nuwe besluite en reëls gemaak word op nasionale bestuursvergaderings en met	**Besluit: Die pos word goedgekeur deur stemming van 5 Ja 1 Nee.**			

ITEM	AGENDA PUNT	BESPREKING	BESLUIT/VOORSTEL/ AKSIE	DATUM	PERSOON	STATUS
		die webmeesterskakel om ook die web sodanig op datum te hou. • 'n Register hou van besluite geneem op nasionale bestuursvergadering asook die bymekaar hou van nodules as stawende besluite. • Nagaan van agendas vir toekomstige vergaderings en 'n opsomming voorberei wat aan bestuurslede voor die vergadering sirkuleer moet word, aangaande sake wat bespreek is op onlangse vergaderings en wat die besluit daaroor was. Sodoende kan herhaling van items op agenda moontlik verminder word. • 'n Model ontwerp en in werking stel om seker te maak dat provinsies en lede ingelig word oor nuwe besluite en reël veranderings. Daar sal op die volgende bestuursvergadering 'n persoon gekoöpteer word in die pos tot Augustus 2018 waarna daar op die Algemene Jaar Vergadering iemand verkies sal word.				
13.4	**Nuwe Diereteikens**	Daar is nuwe diereteikens ontwerp vir die Federasie en kan die provinsies dit aankoop vir hulle gebruik tydens skietdae. Hannes kan gekontak word vir die bestel van die teikens. Cobus bedank vir Hannes, Carel en Elke vir hul harde werk om die teikens te ontwerp.	**Besluit: Alle provinsies kan die teikens aankoop en gebruik by hulle provinsiale skietdae.**			
13.5	**Chasa – Langafstandskiet**	Staan oor na bestuursvergadering				
13.6	**Reëlverwysings & Grondwetwysigings – Elke pos omskrywing**	Reeds bespreek onder Presidents verslag				
13.7	**Jagkampioenskappe** **13.7.1 Voëljagkampioenskappe 2017** **13.7.2 Bokjagkampioenskappe 2017**	Reeds bespreek onder Presidents verslag				
13.8	**Terugvoer Wild en Jag**	Bespreek by 11.3.1				

9. **Afsluiting**

- Dennie bedank almal vir hulle teenwoordigheid.
- Corné sluit af met gebed.